



9 September 2024

Omsendskrywe 9 van 2024

Aan: Alle werkgewers en lede van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

FONDSVOORDELE EN VERPLIGTE LIDMAATSKAP

Die Bestuurskomitee het versoek dat 'n skrywe weer uitgestuur word oor verpligte lidmaatskap van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds maar dat die voordele wat die Fonds bied, in meer detail uitgespel word.

Die hoofdoel van die Fonds is om lede 'n pensioen te bied by aftrede maar aangehaak aan die doel, is ander voordele ook beskikbaar: 'n sterftevoordeel binne die Fonds verseker (goedgekeurde sterftevoordeel) en 'n sterftevoordeel buite die fonds verseker (nie-goedgekeurde sterftevoordeel). Dan is daar ook nog ongeschiktheidsvoordele (vir lede wat medies ongeschik raak voor ouderdom 60) en gadeversekering vir lede van die Fonds.

Alhoewel die begrafnisdekking nie deel van die pensioenvoordele vorm nie, is dit deel van die totale "pakkie" van voordele wat by die Fonds gevind kan word. Hieronder in tabel-formaat, word die voordele uiteengesit:

Tipe voordeel	Amptenare	Predikante
Goedgekeurde sterftevoordeel	3X jaarlikse pensioengewende salaris	4X jaarlikse pensioengewende salaris
Nie-goedgekeurde sterftevoordeel	2X jaarlikse pensioengewende salaris	4X jaarlikse pensioengewende salaris
Gadeversekering	1X jaarlikse pensioengewende salaris	1,25X jaarlikse pensioengewende salaris
Ongeskiktheidsinkomste	75% van maandelikse pensioengewende salaris	75% bvan jaarlikse pensioengewende salaris
Enkelbedrag ongeschiktheid	3X jaarlikse pensioengewende salaris	3X jaarlikse pensioengewende salaris



Beide predikante en amptenare het keuses van verskillende bydraekategorieë (van “goedkoper” na “duurder” kategorieë) en dan is daar nog die vermoë om addisionele vrywillige bydraes te maak, bo-en-behalwe die beskikbare kategorieë.

Alhoewel lede normaalweg in die verstek portefeulje geplaas word by indiensneming (die sogenaamde lewenssiklusportefeulje), het hulle die keuse van ‘n magdom ander portefeuljes indien hulle self ‘n besluit oor byvoorbeeld, ‘n batebestuurder wil maak.

Daar is gereelde kommunikasie na lede en werkgewers en dan bied die administrateur boonop elektroniese platvorms (die web, die toep) om lid-spesifieke inligting na lede te bring. Daar word inligtingsessies en aftreesessies gehou indien nodig. Daar is ‘n toegewyde pensioenkantoor en ‘n bestuurskomitee wat omsien na die belange van lede. Hierdie belange strek van die beste en goedkoopste produkte en tariewe na bloudruk- en beter opbrengste op beleggings.

By aftrede het lede die keuse van in-huis gewaarborgde en lewende annuïteite wat nie elders beskikbaar is nie.

Wat van die toekoms?

Omdat die bestuurskomitee altyd op soek is na die beste uitkoms vir die lede van die Fonds, gaan daar volgende jaar gekyk word na gevreesde siekte voordele. In die bedryf word daarna ook verwys as trauma dekking. Daar gaan ook ondersoek ingestel word na ander kategorieë van bydraekoerse om sodoende die bydraes nog goedkoper te maak.

Wat van annuïteite?

Baie werkgewers neem uittree annuïteite vir hul lede uit en tree sodoende teen die reëls van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds op. (Werkgewers bied dit as die enigste opsie). Werkgewers meen dit is goedkoper en dat hulle in belang van lede optree. Daar is enkele misverstande en oningeligte persepsies oor annuïteite. Annuïteite is ‘n relatiewe duur produk (gemeet teenoor pensioenfondse). Daar is normaalweg geen voorsiening vir sterfte- en ongeschiktheidsvoordele nie. Dit is ‘n vrywillige produk en deelname daaraan kan enige tyd gestaak word. Annuïteite was gevestig as onderskrewe (“underwritten”) produkte en as sulks, is die versekeraar die administrateur en alle beleggings word in versekerde polisse geplaas. By aanvang van so ‘n produk, word die lid ook versoek om ‘n aansoekvorm vir ‘n polis te voltooi en lede dink dan hulle besit die polis. Die polis word deur die Fonds besit en nie deur die lid nie. Die inherente struktuur van ‘n annuïteit maak dit duur (om nie te praat van kommissie nie) met min tot geen van die buigsaamheid wat die Fonds bied nie.

(Bydraes tot annuïteite is natuurlik ook belastingaftrekbaar en die nuwe tweepot stelsel is ook op annuïteite van toepassing). Is annuïteite is ‘n slegte opsie? Nee, dit is ‘n goeie addisionele voorsiening vir aftrede maar binne die raamwerk van die Kerk, nie die voorkeur keuse nie.

Wat van verpligte lidmaatskap?

Ek het einde van 2023, ‘n omsendskrywe hieroor uitgestuur en ek haal enkele belangrike gedeeltes aan:

Ons kommunikeer met u van tyd-tot-tyd oor die verpligting van lidmaatskap van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds indien u 'n deelnemende werkgewer is met lede in u diens. Hierdie verpligting van lidmaatskap van die Fonds word vir predikante in die Kerkorde uitgespel: Reglement 14 (volydse predikantsposte), Reglement 15 (deelydse predikantsposte), Reglement 17 (vastetermyn predikantsposte), Reglement 18 (brugbedieningsposte onderworpe aan sekere voorwaardes), Reglement 19 (standplaas- en diensleraarsposte onderworpe aan sekere voorwaardes).

Die verpligting van lidmaatskap van die Fonds vir amptenare word nie in die Kerkorde omskryf nie. Vir hierdie kategorie van lidmaatskap, moet u die verloop van die ontstaan van die Amptenare Pensioenfonds verstaan. Die Fonds is in 1984 gestig ('n samevoeging van onder andere voormalige SKDB-fondse) en met die registrasie van die Fonds, kon alle werkgewers kies om deel daarvan te wees. Die meeste het wel gekies om deel te neem en daarom moes hul lede lidmaatskap verkry. Sommige gemeentes en instellings het egter gekies om nie deel te neem nie en daarom was hul lede vrygestel van die verpligting. Vanaf die ontstaan van die Amptenare Pensioenfonds, was daar dus 'n "wanbalans" wat die verpligting van lidmaatskap betref.

Dinge het egter oornag verander in Oktober van 2020 toe die Predikante Pensioenfonds en die Amptenare Pensioenfonds saamgesmelt het en die reëls van die Fonds herskryf is om die twee lidmaatskap kategorieë te akkommodeer. Hierin word die verpligting van lidmaatskap vir alle lede wat permanent in diens van 'n deelnemende werkgewer is, uitgespel: *All employees who are on the permanent staff of the employer and who are not members of any other retirement fund in which the employer participates are eligible and must become members of the Fund.*

Die Inkomstebelastingwet bepaal voorts dat 'n kwalifiserende werknemer ("eligible employee") by sy/haar werkgewer se pensioenfonds moet aansluit.

Ek haal hieronder aan oor die wetsvereiste van lidmaatskap:

A. The legal requirement

Paragraph (c)(ii) of the definition of 'pension fund' in section 1 of the Income Tax Act is clear "that the Commissioner (of SARS) may approve a fund subject to such limitations or conditions as he may determine, and shall not approve a fund in respect of any year of assessment unless he is in respect of that year of assessment satisfied:

1. the fund is a permanent fund *bona fide* established to provide annuities for employees on retirement date or for the dependents or nominees of deceased employees or provide benefits other than annuities for the persons aforesaid; and
- II. that the rules of the fund provide –
 - (aa) that all annual contributions of a recurrent nature to the fund shall be in accordance with specified scales;
 - (bb) that membership of the fund throughout employment shall be a condition of employment by the employer of all persons of the class or classes specified therein who enter his employment on or after the date upon which –

(A) the fund came into operation; or

B. The employer became a participant in that fund;

(cc) that persons who immediately before the said date were employed by the employer and who on the said date fall within the said class or classes may, **on an application made, be permitted to become members of the fund on such conditions as may be specified in the rules.**

If the above conditions are met, a retirement fund will be “approved” by SARS. Employers **can only** qualify for a **tax concession** in respect of contributions made to the retirement fund if the fund is “approved” or “tax- approved”.

The Income Tax Act is clear that membership of a tax-approved retirement fund **is compulsory for all qualifying employees, who enter service on or after the date on which the fund commences**, that is, the date the employer has elected to commence with a fund in terms of its employee benefits strategy. Therefore, the participating employer **must make fund membership a condition of service for all qualifying employees from the date of commencement. Compulsory membership is therefore the base condition that must be met.**

However, a second condition also applies - eligibility criteria. The general rules of an umbrella fund and the special rules for the employer’s participation in the umbrella fund are required to set out the membership eligibility criteria. The membership eligibility criteria are a rule that defines which categories of employees must become members of the umbrella fund.

Using this rule, it is possible to exclude a category or categories of employees in the eligibility criteria, which precludes the specified category or categories of employees from becoming members of the umbrella fund. It must be clear from the special rules as to which category or categories of employees do not qualify for fund membership and the exclusion must be objectively defined. For example, special rules generally specify:

2.2 “**ELIGIBLE EMPLOYEE**” means an employee in the full-time permanent service of the EMPLOYER, who at the date of employment has not attained RETIREMENT AGE, provided that an employee who is employed **on a temporary or casual basis or an employee who is a member of an INDUSTRIAL FUND shall not be eligible.**

In this scenario, if we assume the participating employer’s normal retirement age is 65 years, a new employee who is age 65 or older will not be eligible for membership of the umbrella fund. **This rule can also exclude part-time or temporary employees or employees employed on a casual basis.**

Opsomming

Lede in die permanente diens van die werkgewer is verplig om aan die Fonds te behoort en veral daardie lede wat voorheen vrygestel is van lidmaatskap sedert die vestiging van die Amptenare Pensioenfonds in 1984.

Sodanige deelhebbers het reeds in Oktober van 2020 verplig geword om hul werknemers lidmaatskap te bied maar die Bestuurskomitee het werkgewers ‘n kans gegun, gegewe die

unieke omstandighede van die Kerk en die finansiële vereistes op hom geplaas, om teen 1 Maart 2025 alle lede wat nie lidmaatskap geniet nie, toe te laat tot die Fonds.

Werkgewers wat vir hul lede annuïteite uitgeneem het, moet met hul makelaars gesels oor die voortsetting daarvan, alternatiewelik, kan hulle met Mnr Fanie van Vuuren, die fonds se voorkeur finansiële adviseur, gesels oor die pad vorentoe. Sy epos adres is: fvanduuren@gravitonwm.com en sy telefoonnommer is (012) 030 0527 en selnommer (078) 326 5000

Om u lede lidmaatskap van die Fonds te gee, is die regte ding om te doen. Ek haal graag hieronder aan uit die gedragskode van die Fonds se konstitusie en vertrou u sal ook daardeur gelei word:

GEDRAGSKODE

Die gesamentlike bestuurskomitee van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds bevestig dat die volgende waardes die uitgangspunt is vir alle besluite. Die bestuurskomitee is bereid om aan die waardes gemeet te word.

- 1 Die gesag van die Woord van God.*
- 2 Toeganklik vir ander se standpunte.*
- 3 Pasaangeërs in die bedryf ter wille van lede.*
- 4 Hoop in 'n vinnig veranderde wêreld.*
- 5 Uitleef van liefde.*
- 6 Verantwoordelike rentmeesterskap teenoor God, lede en diensverskaffers.*
- 7 Diens met respek, nederigheid en integriteit.*
- 8 Goeie kommunikasie.*
- 9 Deursigtigheid, ook oor botsing van belange.*
- 10 Ernstig oor die bewaking en bewaring van ons waardes.*

Alles van die beste!

TP Smith

TP SMITH

PENSIOENBESTUURDER